Besit jy 'n Vuurwapen?

VERMY ARRESTASIE!!

Nee, dit is nie bloot 'n 'onrusbarende' of sensasionele opskrif nie. Alle wetsgehoorsame vuurwapen-eienaars moet daarop let dat, **na middernag op 30 Junie 2009**, alle vuurwapenlisensies, -permitte of ander magtigings (insluitend stoorpermitte) wat onder die vorige Wet op Wapens en Ammunisie (Nr 75 van 1969) uitgereik is, **ongeldig sal wees**.

Derhalwe sal enige persoon in besit van 'n vuurwapen sonder 'nuwe' dokumentasie vanaf 1 Julie 2009 homself skuldig maak aan verskeie misdrywe onder die nuwe Wet op Beheer van Vuurwapens, Nr 60 van 2000. Die SAPD het selfs sover gegaan as om lede met dissiplinêre optrede te dreig wat versuim om die bepalings van die wet (baie!?) streng toe te pas.

TREE NOU OP OM JOUSELF, JOU REGTE EN JOU EIENDOM TE BESKERM

Aangesien hierdie kort kennisgewing nie omvattend genoeg is nie en indien jy op enige wyse deur die geskeduleerde gebeurtenis op of na 30 Junie **geraak kan word**, besoek ons webtuiste by <www.saga.org.za> vir enige bygewerkte en verdere inligting.

MOENIE TERUGSIT en wag vir 'n klop aan jou deur nie.

Indien jy 'nuwe' lisensies vir al jou vuurwapens het; of indien jy oor bevredigende dokumentasie beskik wat as bewys dien dat jy (voor 1 April 2009) aansoek om die vernuwing van jou ou lisensies gedoen het; behoort jy nie enige probleme te ondervind nie. (Ondanks strydige amptelike bepalings moet die SAPD 'n belastingkwitansie en/of 'n SAPD 523-vorm as genoegsame bewys aanvaar.)

Maar **wees gewaarsku**. Indien jy voor 30 Junie 2009 'n vuurwapen verkoop, geskenk of wettiglik van ontslae geraak het, waarvoor jy net 'n ou lisensie gehad het, is jy nie kwytgeskeld nie, tensy die nuwe eienaar sy/haar lisensie verkry het (waarvoor hy voor 30 Junie 2009 moes aansoek doen) en **daarvan besit geneem het** teen middernag op 30 Junie wanneer jou ou lisensie en die handelaar se stoorpermit, indien enige, sal 'verval'.

Indien die verkoper nog afwagtend is, terwyl die koper se lisensie-aansoek oorweeg word, het hy basies twee opsies: 1) Dat die plaaslike polisiestasie die vuurwapen in sy SAPD 13-stoor vir veilige bewaring opneem; of 2) Om aansoek te doen vir 'n Artikel 21 Tydelike Magtiging om die vuurwapen te behou tot die besluit geneem is. (Gebruik vorm SAPD 518 wat op SAGA se webtuiste beskikbaar is.) Alles is egter in orde indien die lisensie aan die koper toegestaan word, hetsy direk of na suksesvolle appèl, aangesien dit van eienaar verwissel het.

Indien die lisensie, selfs na appèl, **nie aan die koper toegestaan word nie**, is alles **beslis nie in orde nie**. Die vuurwapen word in sodanige geval aan die Staat verbeur vir vernietiging – hetsy die waarde daarvan R250 of R250 000 is en selfs al is dit 'n kosbare familie-erfstuk. Kortliks gestel, slaag die SAPD daarin om die vermenigvuldiging van vuurwapens te verminder en sal hierdie onwettige onteiening van jou eiendom voorhou as 'n "mislukking om 'n lisensie te bekom" of sodanige rasionalisasie en sal dit dan as 'n "vrywillige oorhandiging" in amptelike statistieke verklaar.

(Indien jy 'n vuurwapen aan die SAPD moet 'oorhandig', dring terselfdertyd op vergoeding aan – vorm SAPD 520 (d) is op ons webtuiste beskikbaar. Jou polisiestasie is nie by magte om jou aansoek om vergoeding van die hand te wys nie. 'n Vergoedingsaak is geskeduleer om in Augustus in die Kaapse hoërhof aangehoor te word.

Jy sal nie die opsie gegee word om 'n ander 'geskikte' koper of familielid verdienstelik van 'n erfenis te vind nie. Jy sal nietemin die vuurwapen amptelik onskadelik kan laat stel (slegs deur 'n geregistreerde wapensmid en op eie onkoste) of die vuurwapen aan 'n betroubare handelaar oorhandig, pleks van die SAPD. Indien 'n vuurwapen spesiale waarde het – geldelik, nalatenskap, skaarsheid, versamelstuk, ens, stel ons voor dat jy hierdie roete volg, nadat jy miskien met jou naaste versamelaarsvereniging in aanraking gekom het. (Sien ons webtuiste.)

Hoewel die nuwe Wet op Beheer van Vuurwapens (Nr 60 van 2000), die toepaslike Regulasies en die SA Polisiediens se verskeie riglyne wat uitgereik is ingevolge hiervan, uiters kompleks is, is dit oop vir arbitrêre en onregverdige interpretasie en implementasie, wat tot onregverdigheid lei en dit het bepalings wat SAGA as ongrondwetlik beskou. Of jy daarvan hou of nie, dit is 'die wet' en ons stel voor dat jy daarna streef om dit na te kom, terwyl ons poog om dit ten goede te verander.

Doen jou bes om te voorkom dat jy een van diegene word waarvoor polisiedosiere oopgemaak word en/of wie se waardevolle vuurwapens aan die Staat oorhandig word.

Hierdie BELANGRIKE KENNISGEWING is deur die
Suid-Afrikaanse Geweereienaars-Assosiasie in openbare belang uitgereik.
('n Nie-partypolitiese, nie-winsgewende vereniging van besorgde burgers)
Posbus 35203, Northway 4065 • Faks 086-553-9615
Webtuiste: www.saga.org.za • E-pos: saga@saga.org.za
Navrae om lidmaatskap welkom